

# Latyn en die opleiding van regstudente in Suid-Afrika: 'n Nuwe relevansie

---

**Marianne Dirksen**

*DLIT ET PHIL*

*Mede-professor in Latyn, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)*

## SUMMARY

### **Latin and the training of law students in South Africa: A new relevance**

This article reviews both the traditional arguments in favour of the retention of Latin as a compulsory university course for law students in South Africa and the reasons for its abolition in 1996. The changed position of Latin as a school and university subject in South Africa today, the new political and academic environment, and the demands of a four-year LLB course add even more weight to the arguments of those who advocated the abolition of Latin in the emotional debate which took place during the 1980's and 1990's. The academic profile of students entering university has, however, also changed dramatically over the past decade. University lecturers worldwide are increasingly concerned with students' lack of linguistic skills, their inability to concentrate, memorise, analyse, solve problems and think logically – skills which are indispensable to the legal practitioner. In the debate on the usefulness of Latin for the law student, its so-called “formative” value and the role it plays in the development of the very academic skills which today's students lack, were never in dispute and recent research substantiates these claims. In order to accommodate today's law students and their specific needs, Latin lecturers must therefore redefine the aims of their teaching. The improvement of general literacy and the honing of the academic and professional skills of future lawyers should replace the traditional aims which different circumstances dictated. A proper understanding of Latin legal maxims, correct pronunciation of Latin words, and the practical and functional use of a Latin dictionary will add to the subject's practical usefulness. If classicists adapt their methods according to these “new” outcomes, Latin, which used to be labelled the “obstacle” in the path of future legal practitioners, will smooth the academic way for them and still play its part in ensuring the quality of legal practice in South Africa as it did for many years.

“Ever since the ancient Romans imposed their language on neighboring barbarians, the teaching of Latin – who learns it, and why – has been inseparable from cultural politics”.<sup>1</sup>

## **1 Latyn en die Suid-Afrikaanse Gemeneereg**

Waarom was die vak Latyn vir baie jare 'n verpligte vak vir regsgeleerdes in Suid-Afrika? Of anders gestel: Hoe het dit gebeur dat die Romeinse Reg, in Latyn geskryf, die grondslag van die Suid-Afrikaanse gemeneereg gevorm het? Die oorspronklike Wet van die Twaalf Tafels het die eerste

---

<sup>1</sup> *The New Yorker* (2001-09-17) 110.

kodifisering van Romeinse wette reeds in die vyfde eeu v.C. daargestel en tesame met die kommentare en opinies (*responsa*) van Romeinse juriste, die regspraak van die *praetor* en die edikte van ander amptenare het dit ontwikkel tot 'n voortrefflike regstelsel waarvoor die Romeine onder alle antieke nasies bekend was. Die tweede kodifikasie van die Romeinse Reg het, 'n duisend jaar na die eerste, onder leiding van keiser *Justinianus* plaasgevind en het hierna bekendgestaan as die *Corpus Iuris Civilis*. Tydens die Middeleeue het die glossatore en kommentatore hul aantekeninge en kommentare daarop geskryf en in die hande van Europese regshistorici het dit daarna die grondslag van alle Europese reg gevorm en beslag gekry in die *Ius Commune Europaeum*. Van Nederland af het dit saam met Jan van Riebeeck Kaap toe gekom en die basis van ons Suid-Afrikaanse reg geword.<sup>2</sup> Die oorgrote meerderheid van die bronne van die Romeins-Hollandse Reg is in Latyn geskryf en om met hierdie Latynse regsbronne te kon werk, moes die regstudent Latyn bemeester.<sup>3</sup> Vir de Wet het dit dus in 1975 ondenkbaar gelyk dat Latyn ooit uit die regs-kurrikulum kan verdwyn: "As long as Roman-Dutch Law is part of the legal system of this country, Roman Law and a knowledge of Latin seem inseparable requirements."<sup>4</sup> Selfs in 1990 was daar steeds regslui wat gemeen het die afskaffing van Latyn sou neerkom op "juridiese barbarisme".<sup>5</sup> In die debat wat vir baie jare gewoed het oor die behoud of weglating van Latyn uit die regs-kurrikulum is die volgende argumente deur die "retentioniste"<sup>6</sup> geopper:

- (a) Engelse vertalings van Latynse tekste is alreeds interpretasies en is aangepas by die Britse of Amerikaanse reg en nie gepas vir Suid-Afrikaanse omstandighede nie.<sup>7</sup>
- (b) Regsbegrippe soos *peculium*, *fideicommissum*, *actiones utiles* en *litis contestatio* is moeilik om in vertaling weer te gee, aangesien dit binne konteks verstaan moet word en 'n lang verduideliking verg.<sup>8</sup> Die

vertaler se keuse van vertaling is boonop subjektief.<sup>9</sup> Die student se kennis van Latyn moes hom dus in staat stel om die vertaling van 'n teks uit die Romeinse Reg krities te kan beoordeel. Om hierdie rede het die "retentioniste" spesifiek 'n kursus in regslatyn aanbeveel aangesien die woordeskat verskil van klassieke Latyn.<sup>10</sup>

- (c) Die Anglo-Amerikaanse benadering om voortdurend terug te gryp na presedente in vorige hofbeslissings sou neerkom op 'n miskenning van die grondliggende bron van ons reg, te wete die Romeins-Hollandse reg<sup>11</sup> en indien die bron van ons reg bloot sou berus op hofsake en statutêre bepalings, sou dit 'n geweldige verarming van die regstelsel meebring. Van Zyl maan dat die belangrike historiese navorsing wat voorkom in regsproefskrifte, -handboeke en -artikels bloot akademies en irrelevant sal word.<sup>12</sup> Hy neem 'n geleidelike terugkeer na die gemenerereg sedert 1950 waar.<sup>13</sup>
- (d) Latyn sou ook as "siftingsproses" dien en die luiaards en passasiers uit die regsberoep hou.<sup>14</sup>

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat regstudente vroeër in Suid-Afrika verplig is om Latyn te neem sodat hulle die primêre Romeinse regsbronne wat in Latyn geskryf is met begrip kon lees en die tekste en Latynse regsuitdrukkings krities kon evalueer.

## 2 Redes vir die afskaffing van Latyn

Twee hofsake naamlik *Ex parte Barnard*<sup>15</sup> en *Ex parte Friedgut*<sup>16</sup> het die kwessie van 'n verpligte universiteitskursus(se) in Latyn op die spits gedryf.<sup>17</sup> 'n Heftige en emosionele debat het in regstydskrifte oor die saak gewoed.<sup>18</sup>

2 Van Zyl "Is juridiese barbarisme ons voorland?" 1990 *THRHR* 231.

3 Van Zyl 1982 "Die waarde van Latyn vir die regsberoep" *De Jure* 42-52 sit die praktiese nut van Latyn vir die regstudent uiteen. Die artikel gee die inhoud van 'n memorandum weer wat die Transvaalse Vereniging van Advokate aan die destydse Suid-Afrikaanse Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (SAION) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) voorgelê het en bevat die motivering van die regsprofessie vir die behoud van Latyn as toelatingsvak tot dié professie. Sien ook Lubbe "Latyn en die regstudent" 1987 *De Rebus* 169 en de Villiers "Die standpunt vir die behoud van Latyn" 1988 *Consultus* 5-6.

4 Hierdie is 'n aanhaling uit de Wet se intreerede in 1975 nadat hy as hoof van die Departement van Klassieke aan die Universiteit van Natal, Durban aangestel is. De Wet *Latin, Law and the Classics* (1975) 5, ook Van Zyl 1982 *De Jure* 47 en 48 meen dat die belangrikheid van die gemene reg as gesaghebbende kenbron nooit misken kan word nie.

5 Van Zyl 1990 *THRHR* 229.

6 Van Zyl 1990 *THRHR* 234 het die terme "retentioniste" gebruik om na die kampvegters vir die behoud van Latyn te verwys en "abolisioniste" was sy term vir diegene wat ten gunste van die afskaffing van Latyn was.

7 De Wet 5.

8 De Wet 6; Van Zyl 1990 *THRHR* 233.

9 Sien ook Van Zyl 1990 *THRHR* 231. Hy beaam de Wet se stelling dat talle uitdrukkings moeilik is om akkuraat te vertaal en wys daarop dat die memorisering van Latynse terme en uitdrukkings nie noodwendig begrip meebring nie. Studente spreek Latynse regsuitdrukkings dikwels onakkuraat uit omdat dit sonder kennis van die Latyn uit die hoof geleer is (1990 *THRHR* 233).

10 Oor die inhoud van latynkursusse vir regstudente sien Van Zyl (1990) *THRHR* 234; Lubbe 1987 *De Rebus* 169; Hewett "Latin for Lawyers" 1984 *SALJ* 189. de Wet 9; de Villiers 1988 *Consultus* 5-6.

11 Van Zyl 1982 *De Jure* 46.

12 1990 *THRHR* 231.

13 Ook Scott "Verpligte Latyn vir die advokaat: 'n pleidooi om behoud" 1989 *De Jure* 338 meen dat daar steeds in uitsprake na die oorspronklike gemeenregtelike kenbronne teruggeëk word.

14 Van Zyl 1982 *De Jure* 51.

15 1982 2 SA 70 (N).

16 1983 2 SA 336 (T).

17 Boberg "Latin - The resurrection of a dead language" 1987 *BML* 112-116 bespreek die effek van hierdie regspraak op die regs-kurrikulum.

18 Vir die belangrikste bydraes tot die debat sien Smit "Latyn: die *Götterdämmerung*?" 1982 *De Jure* 267; van Zyl 1982 *De Jure* 42; Cameron en van Zyl Smit "Latin for Lawyers - Any Lawyers for Latin" 1983 *ASSAL* 508; Zimmerman "Latin for lawyers" 1986 *De Rebus* 605; Barker "Latin - the value of a dead language" 1987

*vervolg op volgende bladsy*

Die “abolisioniste” het op die volgende argumente gesteun:

- (a) Die studie van Latyn regverdig nie die geweldige akademiese insette wat dit vereis nie. Baie deelnemers aan die debat het geargumenteer dat Latyn te moeilik is, dat studente na een jaar tog nie in staat is om ’n regstek te vertaal nie en dat hulle regkom sonder Latyn aangesien ’n vertaling goed genoeg is.<sup>19</sup> Dit is die vertalings wat die gemenerereg meer toeganklik maak, en nie ’n kennis van Latyn nie.<sup>20</sup> Smit merk op dat die Latynse bronne soos die werke van Matthaeus, Pecckius en Voet in elk geval slegs te vinde is in universiteits- en hooggeregshofbiblioteke, vir eeue reeds uit druk is en dus nie gereedlik beskikbaar is vir die gewone regspraktisyn nie.<sup>21</sup>
- (b) Die Romeinse en Romeins-Hollandse beginsels is vervat in moderne beslissings van die howe en dus toeganklik is in ’n moderne taal. Die reg self behoort nie die gesaghebbende bron te wees nie, want die reg is onbepaald en word dus altyd hersien. Sodanige hersiening moenie op reëls berus wat vasgelê is in die oorspronklike bronne nie, aangesien die doel van regspleging nie is om gesag slaafs na te volg nie, maar om reg te laat geskied. Die regsgeleerde sal hierdie doel meer doeltreffend nastreef deur na die antwoorde te kyk wat die moderne regsisteme van Amerika, Europa en die Gemenebes voorsien. Die Romeinse Reg het immers in ’n ander konteks beslag gekry, toe ’n begrip soos “versekering” en “standaard kontrakte” nie bestaan het nie.<sup>22</sup> Hierdie skool meen ook dat die vroeëre oortuiging dat die reg nie gaan oor geregtigheid nie, maar oor gesag, daartoe gelei het dat ons regstelsel verstok geraak het en nie tred gehou het met moderne ontwikkeling in kern gebiede van die reg nie.
- (c) Die Latynvereiste verg meer tyd en bykomende onkoste vir studente op hul pad na toelating. Die feit dat Latyn by al hoe minder skole aangebied word plaas ’n struikelblok op die pad van studente,<sup>23</sup> en is daarop gemik om die getal regspraktisyns te beperk – iets wat ’n ontwikkelende land soos Suid-Afrika nie kan bekostig nie.<sup>24</sup> Smit<sup>25</sup> wys daarop dat swart studente met ’n taal moet kennis maak wat vir

*De Rebus* 111; Boberg 1987 *BML* 112–116; “More Latin – The parliamentary response” 1987 *BML* 157; Boule “Latin: The future of the past” 1987 *De Rebus* 23–26; Claassen “Latin and lawyers: A five-year dialogue” 1988 *SALJ* 769; Dlamini “The demise of Latin for legal Practice” 1988 *Consultus* 16; Viljoen “The Latin debate: More heat than light?” 1988 *Consultus* 4; Wilson “Points of view: Abolition of Latin for admission as advocate”, 1988 *Consultus* 7; Sinclair & Mureinik “Compulsory Latin: A compelling case?” 1989 *SALJ* 158; Scott 1989 *De Jure* 335; *Sunday Times* 1992–10–11 15.

19 Boule 1987 *De Rebus* 23; Barker 1987 *De Rebus* 112.

20 Smit 1982 *De Jure* 281.

21 1982 *De Jure* 280.

22 *Sunday Times* 1992–10–11 15; Smit 1982 *De Jure* 271.

23 Statistieke oor die aantal leerders wat Latyn as matriekvak neem, laat Smit *De Jure* 1982 272 reeds in 1982 aflei dat Latyn sal “uitsterf” as skoolvak.

24 Sinclair & Mureinik 1989 *SALJ* 163; Douglas “Latin: the death throes” 1987 *De Rebus* 115; Viljoen 1988 *Consultus* 4.

25 1982 *De Jure* 279.

hulle nog vreemder is as vir hulle wit eweknieë, en dat hierdie studente saam met Afrikaans en Engels dus drie tale van “vreemde kulture” moet baasraak.<sup>26</sup>

- (d) Kennis van ’n Afrika taal sou meer waardevol wees vir regsgeleerdes in ’n bestel waar tradisionele inheemse reg ’n regmatige plek moes inneem naas die Westerse regstelsel en dit vir die regsgeleerde meer voordelig sou wees as hy of sy met kliënte in sy of haar moedertaal kan kommunikeer wanneer ’n saak bereg moes word.<sup>27</sup>
- (e) Die regsgebied het te uitgebreid geraak en Latyn moet plek maak vir ander vakke soos Europese tale, belasting- en patentereg, regsteorie, arbeidsreg, menseregte en inheemse reg. Hierdie vakke het nie eens bestaan in die tyd toe Latyn verpligtend gemaak is nie.<sup>28</sup>
- (f) In ’n demokratiese bestel moet die reg toeganklik en gebruikersvriendelik wees, dit moet die dienskneg van die mense wees en uitsprake behoort nie so gelaai te wees met verwysings en aanhalings in vreemde tale dat die reg eerder meer duister as duideliker is nie.<sup>29</sup>

Hierdie argumente het direk of indirek daartoe gelei dat Latyn vanaf 1996 nie meer verpligtend is vir die LLB-graad nie. Die besluit het, soos te verwagte, ’n negatiewe uitwerking op die aanbieding van Latyn op skool en in universiteite gehad.

### 3 Die Posisie van Latyn in Suid-Afrika Vandag

Latyn het so te sê geheel en al uit die hoërskool kurrikulum in Suid-Afrika verdwyn. Die algemene vermindering van vakke wat leerders mag neem, die toetrede van opwindende nuwe dissiplines soos rekenaarstudies tot die leerplan en knypende begrotings wat skole noodsaak om vakke met ’n lae getal leerders te staak, beteken dat die klassieke nie die posisie kan handhaaf wat dit jare lank beklee het nie.<sup>30</sup> Daar bestaan ’n persepsie dat ’n ontwikkelende land soos Suid-Afrika eerder geld moet belê in die ontwikkeling van basiese leervaardighede as in ’n “elitistiese” vak soos Latyn wat terugdateer na die tydperk van Engelse en Hollandse koloniasie.<sup>31</sup> Hierdie faktore het meegebring dat ons in Suid-Afrika nou, net soos elders in die wêreld Latyn *ab initio* aan universiteite onderrig.<sup>32</sup>

26 Sien ook Sinclair & Mureinik 1989 *SALJ* 163–164; Boule 1987 *De Rebus* 25; Barker 1978 *De Rebus* 112.

27 *Beeld* 1986–11–04 12.

28 Boule 1987 *De Rebus* 25.

29 Barker 1987 *De Rebus* 112.

30 Onderhandelinge tussen die bestuur van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika met die Departement van Onderwys in 2003 het aan die lig gebring dat die aanbieding van Latyn ten nouste saamhang met die beskikbaarheid van fondse. In die geval van moderne tale soos Frans en Duits wat ook klein getalle leerders lok, dra die onderskeie ambassades die koste van die aanbieding.

31 Sien Davis *Latin in American Schools: Teaching the Ancient World* (1990) 2 vir die redes vir kwynende getalle leerders wat na 1960 Latyn in Amerika geneem het en hoe die situasie omgekeer is. Boule 1987 *De Rebus* 25.

32 Volgens Davis 25–26 is die situasie in Amerika dieselfde.

Latyn is nou 'n opsionele keusevak vir regstudente aan die meeste universiteite en aangesien die LLB-kursus verkort is van vyf na vier jaar is dit verstaanbaar dat studente die modules sal kies wat die minste aanspraak op hul tyd sal maak.

Die meerderheid studente wat vandag Latyn in Suid-Afrika neem, is voornemende regslui of predikante wat verplig word om sekere taalmodules te neem. Hulle sal twee, of hoogstens drie modules Latyn neem. Elk van hierdie modules duur slegs twaalf weke en hierdie studente het nóg die vaardighede nóg die tyd om Latyn op die tradisionele manier te leer. Latyn kompeteer met moderne tale en 'n student sal die mees genotvolle en waardevolle module kies wat die minste inbreuk op sy tyd maak.

#### 4 Die Behoeftes van die Regstudent van die 21ste Eeu

Die hedendaagse Suid-Afrikaanse regstudent het 'n baie meer dringende en basiese behoefte as die vermoë om Latynse regstekste te vertaal. Dit is toenemend duidelik dat studente oral ter wêreld hul universiteitsopleiding begin terwyl hulle onvoorbereid is om die meta-taal van die akademie te hanteer. Terselfdertyd toon studente toenemend 'n onvermoë om te memoriseer of om probleme sistematies te analiseer en op te los.<sup>33</sup> In Engeland staan die verskynsel bekend as *dumbing down*.<sup>34</sup> Amerikaanse onderwysers berig ook dat studente vir korter tydperke kan konsentreer en dat passiwiteit en oppervlakkigheid die resultaat is van duisende ure voor die televisie en die feit dat kinders al hoe minder aandag en leiding van hul ouers kry.<sup>35</sup> "Today's college students are not so well prepared, or so willing, or so able to learn as their predecessors".<sup>36</sup> Hierdie gebrek aan akademiese vaardighede hang saam met jong mense drang na onmiddellike bevrediging wat 'n eienskap van ons hedendaagse samelewing is. Die studente van die 21ste eeu staan wêreldwyd bekend as Generasie Y en is gebore tussen die laat 1980's en 1990's.<sup>37</sup> Hulle het grootgeword in die eeu van televisie en rekenaars, het daarom min gelees en gevolglik is hul spelling swak, hulle kan hulself nie duidelik uitdruk nie en wat hulle van die antieke kultuur en geskiedenis weet, het hulle uit rolprente geleer.

Terwyl nóg die opset tuis, waar beide ouers voltyds werk nóg die skoolopleiding, veral in landelike gebiede in Suid-Afrika, 'n leer- en leeskultuur by jong leerders vestig, rus die taak nou toenemend op universiteite om 'n produk af te lewer wat in alle opsigte "geletterd" sal wees. Die oormatige druk wat daar egter op Suid-Afrikaanse universiteite is om studente so vinnig as moontlik "suksesvol" af te lewer, het besliste

33 Davis 27; Solomons "Accessing academic language: the Benefits of an explicit study of Latin and Greek roots" 2007 *Acroterion* 75; *Scotland on Sunday* 2007-11-25.

34 Dis opmerklik dat terwyl studente al swakker voorbereid is vir universiteitstudie, hul matriekuitslae beter is as ooit. Hierdie "grade inflation" was reeds in 1990 in Amerika merkbaar: Davis 26.

35 Davis 13.

36 *Idem* 26.

37 *Rapport* 2008-03-30 NUUS III.

nadelige implikasies. Alhoewel daar begrip is vir die noodsaak van beroepsgerigte onderrig in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, loop ons die wesenlike gevaar om produkte te skep wat arm is aan "geletterdheid" in die ware sin van die woord.<sup>38</sup> Veral in die regsberoep is 'n breër opvoeding noodsaaklik, en dit is juis Latyn wat die kwaliteite kan voorsien wat 'n "geleerde" in die ware sin van die woord kenmerk.

#### 5 Die "Vormende" Waarde van Latyn

Al het regsgeleerdes in die laat 1980's skerp verskil oor die insluiting van Latyn in die regscurriculum, was hulle dit bykans 100% eens oor die sogenaamde "vormende waarde" van die vak in so verre dit taalvaardigheid, logiese denke, en dissipline ontwikkel.<sup>39</sup> Hierdie regsgeleerdes het die toegevoegde waarde van Latyn waarskynlik self ervaar, maar dit is elders in die wêreld reeds proefondervindelik bewys en benut.

'n Studie in Indianapolis in die 1970's het die standarde van 'n groep twaalf jariges wat Latyn geneem het, vergelyk met 'n groep wat dit nie geneem het nie. Na vyf maande was die groep wat aan Latyn blootgestel was 'n jaar voor die ander groep wat lees en taalvaardigheid betref en agt maande voor ten opsigte van woordkennis.<sup>40</sup> Die studie het bevind dat selfs die Wiskundepunte van leerders wat Latyn bestudeer het, verbeter het. 'n Oorsig van die matriekresultate van 1986 deur 'n statsitikus van die Kaapse Onderwys Department het insgelyks getoon dat matrikulante wat Latyn geneem het, beter gevaar het in Engels, Afrikaans, Geskiedenis en Wiskunde as diegene wat nie Latyn geneem het nie.<sup>41</sup>

Studente self toon ook toenemend waardering vir die vormende waarde van Latyn. Oor Amerikaanse studente bevind Davis: "... college students choosing to study Latin have a practical regard for its ability to improve their test scores and enrich their transcripts ..."<sup>42</sup> en volgens hom het 82% van studente in Amerika wat gevra is waarom hulle Latyn neem geantwoord dat dit hulle prestasie in die "Scholastic Aptitude Test" (SATs) sou verbeter.<sup>43</sup> In Skotland het die regering reeds begin om Latyn te benut om basiese Engels te verbeter en sommige laerskole in Engeland bied ook weer Latyn aan met die oog op verbeterde taalvaardigheid.<sup>44</sup>

Ook oor die bydrae wat Latyn maak tot die algemene "geletterdheid" van studente was regslui dit eens. De Wet<sup>45</sup> stel dit soos volg: "The Classics can make an important contribution to a university education which seeks to provide as it should, more than an exclusive knowledge of a particular

38 *Die Burger* 2006-07-01 5.

39 Smit 1982 *De Jure* 270; Boule 1987 *De Rebus* 23; Dlamini 1988 *Consultus* 16; Lubbe 1987 *De Rebus* 169; Redakteur 1988 *Consultus* 3; Sinclair & Mureinik 1989 *SALJ* 159; Viljoen 1988 *Consultus* 4; Wilson 1988 *Consultus* 7.

40 Solomons 2007 *Acroterion* 80.

41 Claassen 1988 *SALJ* 774.

42 26.

43 Davis 6.

44 *Scotland on Sunday* 2007-11-25.

45 3.

profession". Ook Regter Corbett het ook geglo dat opleiding in die geesteswetenskappe 'n noodsaaklike deel uitmaak van die toerusting van 'n prokureur of regter wat die taak het om moreel verantwoordelike beslissings te vel.<sup>46</sup> Verskeie ander ervare regsgeleerdes beklemtoon die kulturele en algemeen opvoedkundige waarde van Latyn en glo dat regsgeleerdes se opleiding nie afgerond sal wees sonder blootstelling aan die lettere en geesteswetenskappe nie.<sup>47</sup> Dit was dan ook een van die vernaamste redes waarom die klassieke tradisioneel die regsopleiding voorafgegaan het.

Dit is belangrik om te onthou dat ons studente, hul beperkte linguïstiese en analitiese vaardighede ten spyte, nie minder intelligent is as dié van twintig of dertig jaar gelede nie. Latyndosente moet bloot in hulle spesifieke behoeftes voorsien, aanpas by hul sterk punte en tekortkominge en onderrigdoelstellings en -strategieë dienooreenkomstig aanpas.

## 6 Nuwe Doelstellings

Die "retentioniste" het destyds van die uitgangspunt vertrek dat studente na hul studie van Latyn in staat sou wees om oorspronklike Latynse tekste te lees en vir baie jare was dit die belangrikste uitkoms wat met alle Latynonderrig in die vooruitsig gestel is.<sup>48</sup> Hierdie verhewe doelstelling is nie in die hedendaagse opset meer haalbaar nie en is ook nie in pas met die behoeftes van die regstudent in Suid-Afrika nie.<sup>49</sup> Ons moet realisties wees oor wat studente, gegewe hul beperkings en die beskikbare tyd kan bereik. Is dit regverdig om aan studente te belowe dat hulle die tekste van Gaius en Justinianus in die oorspronklike sal kan lees na net een jaar se studie van Latyn? Die abolusioniste was reg: Dit verg jare van toegewyde studie en moeisame bestudering van Latynse tekste en kommentare voor 'n regsgeleerde al die nuanses van betekenis kan snap.

Dis tyd om te aanvaar dat, behalwe vir die uitsonderlike student wat bereid is om sy studie met 'n jaar of meer te verleng, die regsgeleerde hom tot die vertalings van die relevante Latynse regstekste sal wend, die onvolmaaktheid daarvan ten spyte.

Om aan die spesifieke behoeftes van vandag se student te voldoen en 'n betekenisvolle rol te speel in die opleiding van die nuwe generasie regsgeleerdes in hierdie land, is 'n herdefiniëring van doelstellings vir die onderrig van Latyn noodsaaklik. Latynse pedagogie moet die praktiese probleme in ons universiteitstelsel aanspreek en die bydrae wat Latyn sal

46 de Wet 3.

47 Van Zyl 1982 *De Jure* 43.

48 Hierdie doelstelling is wêreldwyd nagestreef. 'n Verslag van 'n ondersoek wat in 1924 in Amerika gedoen is het die volgende sentrale oogmerk vir skool- en universiteits Latyn in Amerikaanse skole en universiteite geïdentifiseer: "the progressive development of ability to read and understand Latin": Carpenter "Reassessing the goal of Latin pedagogy" 2000 *The Classical Journal* 391. Sien ook Davis 2.

49 Carpenter 2000 *The Classical Journal* 391–395 beskou hierdie doelstelling ook as uit pas met die behoeftes van die hedendaagse Amerikaanse student.

lewer tot die vorming van die student as 'n afgeronde, geletterde produk van 'n universiteitsopleiding, moet vooropstaan.

Ons as Latyndosente moet vra: Wat kan Latyn aan vandag se regstudent bied, en wat wil die student bereik deur Latyn as vak op universiteit te neem? Die klem in die onderrig van Latyn moet val op die ontwikkeling van die student se taalvaardigheid, sy analitiese denke, die verbreding van sy algemene kennis en kulturele bewustheid terwyl die wete dat sy kennis van Latyn en die antieke wêreld hom deel van 'n uitgelese groep wêreldwyd maak sy selfvertroue sal bou.

## 6.1 Ontwikkeling van Taalvaardigheid

Alhoewel alle studente sekerlik tot 'n meerdere of mindere mate elke dag taal sal gebruik in hul beroepe is dit veral die toekomstige prokureur of advokaat wat in staat moet wees om argumente op logiese en oortuigende wyse uiteen te sit, om 'n goeie aanvoeling vir sinsbou te hê en wat in staat moet wees om die betekenis van onbekende, veral Engelse, woorde te kan aflei. Taal is die belangrikste gereedskap van 'n regsgeleerde se beroep.<sup>50</sup>

Latyn gee waardering vir die struktuur van taal en een van Latyn se grootste bates lê in die besliste bydrae wat dit lewer tot 'n verbetering in die student se spelling en Engelse woordeskat "Students should expect to see marked improvement in their ability to speak, read, and write effectively in English".<sup>51</sup> Om hierdie doel te bereik moet die dosent uitdruklike aandag gee aan etimologie, die uitken van woorde se stamme, en aan die betekenis van voortsels en agtervoegsels.<sup>52</sup> Alhoewel Engels 'n Germaanse taal is, het 60% van Engelse woorde Latynse of Griekse stamme en hierdie persentasie styg tot 90% in akademiese tekste aangesien daar 'n duidelike verband is tussen die moeilikheidsgraad van die onderwerp en die persentasie waarmee woorde met 'n Griekse of Latynse oorsprong voorkom.<sup>53</sup>

Om so 'n teks met begrip te kan lees vereis dat 'n student die betekenis van 95% van die woorde sal ken. Solomons<sup>54</sup> het 'n merkwaardige verbetering in studente aan die Universiteit van Kaapstad se Engelse woordeskat waargeneem nadat hulle 'n kursus voltooi het waarin hulle die betekenis van die Latynse en Griekse woorde geleer het waarvan die Engelse woorde afgelei is. Sy het bevind dat studente wat die kernbetekenis van woorde verstaan deur na die stam te kyk, dit makliker vind om die metafore wat opgesluit lê in die woord se komponente te ontsluit. Hulle toon ook die selfvertroue om die woord te gebruik omdat hulle die betekenis van sy elemente verstaan.<sup>55</sup> Ook aan die universiteit van

50 *Die Burger* 2006–07–01 5; Claassen 1988 *SALJ* 774; van Zyl 1990 *THRHR* 232.

51 Sien ook de Wet 2; Zimmerman 1986 *De Rebus* 605; Carpenter 2000 *The Classical Journal* 395.

52 Davis 62.

53 Solomons 2007 *Akroterion* 77.

54 *Ibid.*

55 Solomons 2007 *Akroterion* 80.

Stellenbosch is 'n eksperiment uitgevoer waar graad agt Xhosa-sprekende leerders 50 Latynse en Griekse woorde geleer het en hiermee drie maal soveel Engelse woorde kon vorm.<sup>56</sup>

Die verbetering van die student se spelling hang grootliks saam met die eis wat Latyn stel vir noukeurige lees. Min vakke kan met Latyn meeding in die ontwikkeling van wat de Wet noem “*demand for precision*”.<sup>57</sup>

## 6 2 Aanleer van Analitiese Vaardighede

Volgens Carpenter behoort die ontwikkeling van analitiese vaardighede die primêre doelwit met die onderrig van Latyn te wees. “*Students may never be able to speak or write in the language, or even easily read the literature. They should, however, have developed analytical thinking skills which will in turn be applicable to other pursuits*”.<sup>58</sup>

Studente wat nie in 'n wiskunde-, wetenskap- of filosofie rigting studeer nie, kry nie meer deeglike opleiding in basiese analitiese probleemoplossing nie en omdat die ervaring van die kognitief veeleisende opdragte (waardeur kwaliteit skoolopleiding studente voorberei vir die oorgang na universiteit) ontbreek, begin hulle hul universiteitsopleiding met 'n agterstand. Dikwels kies studente juis om in die regte te studeer weens slegte ervarings in die wiskunde- en wetenskapklas op skool, negatiewe ervarings wat veral toegeskryf moet word aan die nypende tekort in Suid-Afrika aan goeie onderwysers in hierdie rigtings. Dit is noodsaaklik dat regstudente ook die geleentheid kry om hierdie vaardighede te ontwikkel wat so ononbeerlik is in die argumentering van 'n saak, die logiese uiteensetting van feite die lê van verbande tussen feitestelle en regsbeginsels, en om probleme in die algemeen op te los. Die vermoë om formele logiese analyses te maak hang saam met die presiese, vaste en logiese aard van Latyn.

## 6 3 Bydrae tot Algemene Geletterdheid en die Verbreding van Verwysingsraamwerk

Om die kulturele en algemeen vormende waarde van Latyn tot sy volle reg te laat kom moet studente in die Latynklas blootgestel word aan die onskatbare rykdom van die Westerse beskawing, 'n kennis wat veral noodsaaklik is vir die regsgeleerde wat veronderstel is om “in alle opsigte 'n verfynde en kundige mens te wees”.<sup>59</sup>

As die druk wat dit meebring om studente op 'n standaard te kry waar hulle “Latyn kan lees” nie meer bestaan nie, kan die dosent die geleentheid benut om die student se belangstelling en kreatiewe denke te prikkel. 'n Latynkursus het die voordeel dat dit aan studente 'n blik van buite bied, verwyder in ruimte en tyd sodat hulle sonder emosionele en persoonlike

betrokkenheid kan praat oor kontroversiële sake soos verstedeliking, grondonteiening, burgerskap, politieke gedrewe opstand en geweld, wetteloosheid, korrupsie, tirannie en diktatorskap.<sup>60</sup>

Bykans elke Latynse woord is so nou vervleg met die kultuur en geskiedenis van die Romeine en Grieke, dat dit 'n aanknopingspunt kan word om die student se historiese en kulturele verwysingsraamwerk uit te brei. Die agtergrondstukkies wat elke hoofstuk in die moderne Latynse handboek vergesel, stel 'n hele nuwe wêreld van mitologiese figure, konings, beroemde aanvoerders en keisers bloot. Begrippe soos die “oorsteek van die Rubicon”, die verwysing na iemand se “Achilles hiel” word in konteks geplaas en Julius Caesar, Cicero, Justinianus en Konstantyn word meer as net vae figure uit die verre verlede. Die invloed van die Grieke en Romeine en van Latyn is oral en elke dag om onsigbaar in die name van produkte, rolprente en maatskappye, in radio advertensies, in leuses, frases en in koerante en tydskrifte – dis die taak van die dosent om die student se oë vir hierdie relevansie te open eerder as om hom te verveel met eindelose vervoegings en verbuigings.

## 6 4 Die Ontwikkeling van Selfvertroue

Die feit dat Latyn nie meer 'n skoolvak is nie, hou besliste voordele in vir die aanbieder van die vak op universiteitsvlak. Alle studente, ongeag die kwaliteit van hul hoërskoolopleiding het 'n gelyke kans om uit te blink in Latyn. Latyn is nie gekontamineer deur enige negatiewe ervarings op skool nie. Alle studente begin op 'n punt waar geen vooraf kennis vereis word nie. Dis nuut, dis anders en dis 'n uitdaging. Dit is ook opmerklik dat daar by studente wat hier op gelyke voet wegspring, geen verskil in prestasie voorkom nie – trouens swart studente met hul goeie taal-aanvoeling, hulle het immers reeds 'n tweede en dikwels 'n derde taal baasgeraak, vaar dikwels met die induktiewe metode wat nou gebruik word in die onderrig van Latyn, beter as hul blanke mede-studente. Latyn het 'n sekere “prestige” waarde. Dit is welbekend onder die studente gemeenskap dat al die beste studente Latyn neem, en hierdie wete bou selfvertroue. Studente voel dat as hulle Latyn kan bemeester, niks onmoontlik is nie! Die student pas ook die vaardighede wat in die Latynklas ontwikkel word, op ander vakke toe en sy algemene akademiese prestasie verbeter.

Latyn op die *Cirriculum Vitae* van 'n regstudent verbeter sy of haar kans om by 'n regsfirmas aanvaar te word as regs-klerk. Hul toekomstige werkgewers, wat waarskynlik voor 1996 gekwalifiseer het, was nog verplig om Latyn te neem en het waardering vir die feit dat hierdie studente kans gesien het vir die “moeiliker” opsie en Latyn gekies het. Al sou die regspraktisyn wat Latyn geneem het nie regstekste kon uitlê nie, sal hy of sy ten minste 'n behoorlike begrip van Latynse regsuitdrukkinge hê, Latynse woorde korrek uitspreek en in staat wees om 'n Latynse woordeboek sinvol te gebruik.

60 Claassen 1988 *SALJ* 775.

56 *Idem* 78.

57 De Wet 3.

58 Vir die vermoë van Latyn om logiese denke te ontwikkel sien: de Wet 2; Zimmerman 1986 *De Rebus* 605; 2000 *The Classical Journal* 394.

59 Van Zyl 1990 *De Rebus* 232.

## 7 Die Toekoms

Toenemende kommer oor die vermoë van nuut gekwalifiseerde regsliu om effektief in die praktyk te funksioneer het daartoe gelei dat 'n opsionele regslatyn kursus weer aan die universiteit van Pretoria ingestel is. Die prokureursorde ondersteun die kursus tot so 'n mate dat hulle 'n sertifikaat uitreik wat by 'n jaarlikse seremonie toegeken word aan regstudente wat hierdie kursus suksesvol voltooi het. 'n Kursus in regslatyn stel egter hoë eise en die student wat so 'n kursus slaag presteer waarskynlik alreeds op akademiese gebied. Daarenteen is die student by wie taalvaardigheid, presisie, analitiese vaardighede en selfvertroue ontbreek, dit wil sê die student in wie se behoeftes die vormende kwaliteitte van Latyn sou kon voorsien, nie opgewasse vir so 'n kursus is nie. Die gemiddelde, ondergemiddelde en voorheen benadeelde regstudent kan egter baie baat by 'n Latynkursus wat aangepas en gerig is daarop om haar of sy gebrek aan akademiese vaardighede aan te spreek, mits so 'n kursus moderne leerstrategieë aanwend om 'n verrykende leerervaring te bied. Latyn, met 'n nuwe baadjie aan, het vandag 'n ander, maar selfs meer onontbeerlike rol te vervul in die opleiding van regsliu in Suid-Afrika as in die dae toe dit verpligtend was. Latyn moet die stigma van elitisme verloor, en in plaas van die "struikelblok" wat dit vir baie jare was, die akademiese pad vir regstudente meer begaanbaar maak. Indien daar 'n verfyning en herdefiniëring van die uitkomste van Latyn vir regstudente plaasvind, sal dit lewenslange opvoedkundige voordeel inhou en steeds die kwaliteit en aansien van die regsprofessie vir die toekoms verseker soos dit vir baie jare gedoen het.